

REEKS: Vrug van die Gees

KLEINGROEP ONTMOETING 3

Vreugde en vrede



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 30 sekonde video van MasterCard:

https://www.youtube.com/watch?v=Q_6stXKGuHo

D: WANDEL IN DIE WOORD

Teks gedeelte: Galasiërs 5: 22-23

²²Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.

1 Samuel 2:1-2 ¹En Hanna het gebid: “Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Ek lag my vyande uit, ek is bly oor die uitkoms wat U gegee het. ²Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie.

Nog teksgedeeltes:

1 Sam 1:1-2:12; Johannes 14:25-27, Romeine 14:17, Romeine 15:13



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Wat is die dinge in jou lewe wat “priceless” is?
2. Hoekom is die vreugde wat die Heilige Gees ons gee, meer as gewone blydschap?
3. Hoekom moet jy vrede hê om vreugde te kan ervaar in jou lewe?
4. Vrede beteken om “heel” (*whole*) te wees. Wat is die dinge in jou lewe wat jou stukkend (nie heel) laat voel?
5. Gebruik Hanna se verhaal as voorbeeld en vertel vir mekaar verhale waar die Here jou sterk gemaak het om vrede oor iets te kry.

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Vreugde en vrede loop saam. Maak 'n lys waarvoor julle vir mekaar kan bid (dinge wat julle vreugde en vrede steel en dinge wat vir julle vreugde en vrede verskaf).

Luister na die volgende lied: *Peace Like a River*. Mag die Gees jou hart in hierdie week aanraak om VRUG te dra – en vreugde en vrede te ervaar!

<https://www.youtube.com/watch?v=mF6n49nKrXA>

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



REEKS: Vrug van die Gees

KLEINGROEP ONTMOETING 3 Vreugde en vrede GESPREKSRIGLYNE

(Ds Cor Swart)

ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:



Dit is gepas dat op Vadersdag, ons die vrug van die Gees van vreugde en vrede hanteer.

Bybelse **vreugde** is baie meer as om bly te wees. Vaders (en natuurlik ook moeders) verstaan iets hiervan wanneer jy die eerste keer jou kind in jou arms vashou. Dit is 'n vreugde wat diep uit jou binneste kom. Dit is meer as 'n emosie – dit is 'n bewustheid dat dit wat jy ontvang het kosbaar is, onvervangbaar is en nie met al die geld in wêreld gekoop kan word nie. Dit is amper soos die MasterCard advertensie – *there are some things money can't buy...* Gaan lees weer die verhaal van Hanna se kinderloosheid in 1 Samuel 1, hoe sy haar hart voor die Here uitstort en vir Samuel van die Here afsmeek. Wanneer Hanna vir Samuel tempel toe neem en vir die Here dankie sê vir die geskenk van sy geboorte, dan lees ons in 1 Sam 2:1 dat sy bid “*Ek jubel in die Here*”. Hierdie is vir my een van die beste voorbeelde van die vreugde wat net God kan gee. Bybelse vreugde is 'n bewustheid van God se genade en guns. Dit wat ons het, kom nie van MasterCard (al ons geld of besittings) af nie – dit is God se goedheid, genade en guns in ons lewens. Hanna se verhaal bevestig dat die lewe soms baie moeilik is (sy is gespot deur Peninna oor haar kinderloosheid, Eli het gedink sy is dronk, sy moes vir Samuel as jong seun wegbring tempel toe om haar gelofte aan die Here gestand te doen), en daarom kan sy getuig “*'n Mens oorwin nie deur eie krag nie*” (1 Sam 2:9). Ons moet onthou: vreugde werk nie los van vrede nie (of anders gestel, sonder vrede sal jy nie vreugde ervaar nie)!



- 1** **Vreugde** is van die Griekse woord **xara** en kan vertaal word met *vreugde, joy of delight*.
- 2** **Vrede** is van die Griekse woord **eiréné** en kan letterlik vertaal word as *peace of mind, quietness, rest*.

In Romeine 14:17 lees ons: “*Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.*” Ons geloof (verhouding met God) gee sin aan ons lewe en vervul ons met vreugde en vrede (Rom 15:13)

Die dieper betekenis van **vrede** verwys na “wholeness” – “when all essential parts are joined together”. Die vrede wat die vrug van die Gees gee maak ons harte stil en rustig dat God ons deur Sy liefde *heel (whole)* kan maak (Joh 14). Al die los/stukkende dele in ons lewens kan God bymekaar bring om heelheid en genesing te bring - net soos met Hanna. Hanna getuig in 1 Sam 2: *ek is sterk in die Here (vers 1), die wat gestruikel het, het nuwe krag gekry (vers 4), die Here laat die geringes uit die stof opstaan (vers 8).*

Die vrug van die Gees rus ons toe vir die lewe en maak dat ons kan lewe met vreugde en vrede, ten spyte van ons omstandighede.

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

